9 MAART 2025

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | VRAAG 6: WAAROM HUIL JY? | JOH. 20:11-18



**THERE IS A SACREDNESS IN TEARS. THEY ARE NOT THE MARK OF WEAKNESS, BUT OF POWER. THEY SPEAK MORE ELOQUENTLY THAN TEN THOUSAND TONGUES. THEY ARE THE MESSENGERS OF OVERWHELMING GRIEF, OF DEEP CONTRITION, AND OF UNSPEAKABLE LOVE.**

**- WASHINGTON IRVING**

# 7 WEKE | 7 VRAE

Ons sien baie uit na ons nuwe reeks wat hierdie Sondag begin. Dit gaan oor vrae wat God ons vra. Elke week kyk ons na 'n ander vraag. Ons deel graag met julle hoe die reeks lyk:

**2 Feb.** **Vraag 1 - Waar is jy?** (Gen. 3:1-13)
**9 Feb.** **Vraag 2 - Waar is jou broer/suster?** (Gen. 4:1-24)
**16 Feb.** **Vraag 3 - Wat het jy in jou hand?** (Eks. 4:1-17)
**23 Feb.** **Vraag 4 - Wie sê jy is Ek?** (Matt. 16:13-20)
**2 Mrt.** **Vraag 5 - Wil jy gesond word?** (Joh. 5:5-11)
**9 Mrt.** **Vraag 6 - Waarom huil jy?** (Joh. 20:11-18
**16 Mrt.** ***Poppekas***
**23 Mrt.** **Vraag 7 - Verstaan jy wat ek vir jou gedoen het?** (Joh. 13:1-20)





# LYDENSTYD

Aswoensdag merk die begin van Lydenstyd, 'n 40-dae reis van inkeer en bekering wat ons voorberei op Paasfees.

Hierdie gebruik kom uit die vroeë kerk, waar Christene mekaar met as gemerk het as 'n teken van berou en afhanklikheid van God se genade.

Dit is 'n eenvoudige, maar seer herinnering: Ons is sterflik. Ons is sondig. En ons het 'n Verlosser nodig.

# TK HOEKSTEEN HERDENKING

Ons vier die pragtige kerk gebou met 'n selfbegeleide toer deur die kerk om ons te herinner aan Toringkerk se pragtige simboliek en geskiedenis. Daar is ook opwindende kloktoere vir die wat braaf genoeg is.

Bespreek jou plek vir die kloktoer op www.tkmarkietie.co.za vanaf 10 Maart 25. Plek vir die kloktoere is beperk.






















## ANNELIE

Hoe sê ons dankie vir al die jare by Toringkerk?! Dit is 'n groot voorreg om jou deel van die span te kon hê! Dankie vir jou vriendelikheid en dat jy altyd bereid was om in te spring en te help ongeag of dit deel was van jou werk of nie. Jou omgee hart is iets wat ons elkeen van jou waardeer en die liefde waarmee jy jou werk gedoen het en die gemeente gedien het vir 22 jaar. Ons wens jou 'n wonderlike nuwe hoofstuk toe. Mag aftrede vir jou baie avonture inhou en mag jy verras word deur hoe baie jy dit geniet en tyd met André, jou kinders en kleinkinders spandeer. Ons weet ook ons gaan mekaar nog baie sien, Toringkerk sal hopelik vir nog lank julle tuiste ook bly. Baie liefde, TK.













# HAM
## HUIS ARISTEA
### OMGEE MAMMA/TANNIE OGGEND

Kuier saam met die Huis Aristea dogters op:

**Wanneer**: Saterdag, 15 Maart 2025
**Tyd**: 10:00 - 13:00
**Waar**: Laerskool Hugenote Saal

R200 per persoon

***Kontak vir Elizmari by 084 998 7865as jy wil saam kuier of meer inligting soek.***





## NUWE GESIG IN DIE KERKKANTOOR

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat Anna-Marie Le Roux vanaf Maart maand Toringkerk se nuwe skriba is.

Sy het groot skoene om vol te staan. Ons wens haar alle sterkte toe. As jy in die omgewing is kom sê hallo en maak kennis met die nuwe lid van die Toringkerkspan.

**Baie welkom Anna-Marie!**

## 150 FEESJAAR
### PROGRAM

Toringkerk gemeente se 150ste bestaansjaar feesvieringe skop amptelik Maart maand af! Ons is baie opgewonde. Hier is 'n paar belangrike datums om te dagboek en hou die afkondigings dop vir meer inligting:

**20 Mrt** Toringkerk Hoeksteen
**16 Mei** Toringkerk 150 Wynveiling
**26 Julie** Langtafel verjaarsdagkuier
**27 Julie** Toringkerk 150 Gedenkdiens
**09 Aug** Vroue Oggend
**5 - 7 Sept** Feesjaar Markietie




# HET JY DALK 'N RUSBANK OF STOEL?

**O**ns is tans besig om ons kerkgeboue bietjie op te knap en beter in te rig en ons kort n bank of twee. Ons gaan dit gebruik in ons gesprek kamer in die ou konsistorie. Dit moet asb nog in redelike goeie kondisie wees en nog bruikbaar.

As jy enige oortollige meubels het en wil minder maak, **Kontak asb vir Jana**. Ons sal dit ongelooflik waardeer.





# DIEN OP GEBOUEKOMITEE, DIENSVERHOUDINGE OF FINANSIES

Ons benodig mense om te dien op ons Gebouekomitee, Finansies en Diensverhoudingkomitee. Indien jy kennis het in een van hierdie areas sal dit wonderlik wees as jy jouself beskikbaar stel om op hierdie manier te dien.

***Kontak asb vir Jana as jy hierby wil betrokke raak.***

# DIEP & VER KOSPAKKIES

Baie dankie aan almal wat die week gehelp het met die kospakkies. Dit is so groot voorreg om ook op die manier diensbaar te wees in God se koninkryk. Welkom aan Libby wat by die groep ingeskakel het. Koste per pakkie is ongeveer R300, bydraes word opreg waardeer.



# Tk dagboek DIE DATUM



**16 MRT** — POPPEKAS
Erediens | 09:00




**20 MRT** — TK HOEKSTEEN
150 JAAR




**13 APR** — PALMSONDAG
Erediens | 09:30



**17 APR** — WIT DONDERDAG
Toringkerk | 18:30



**18 APR** — GOEIE VRYDAG
Paarl-Vallei | 09:00



**20 APR** — PAASFEES
Erediens | 09:30

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

9 Mrt Aletia Burger
9 Mrt Poenie Crous
9 Mrt Joan Matthee
9 Mrt Willie Pretorius
9 Mrt Wynand Van Wyk
10 Mrt Micah Isaacs
10 Mrt Nitzké le Roux
10 Mrt Ilse Olivier
10 Mrt Marietjie Swanepoel
11 Mrt Rita Muntingh
11 Mrt Marlene Tighy
11 Mrt Adél van der Westhuizen
12 Mrt Ashley Arbuckle
12 Mrt André Augustyn
12 Mrt Mari-Lou Boetzkes
12 Mrt Jacques Calitz
12 Mrt Zahn Hanekom
13 Mrt Ivan Burger
13 Mrt Goldine Carstens
13 Mrt Kobus Cornelissen
13 Mrt Elize Fourie
13 Mrt Jurich Groenewald
13 Mrt Jean-Mari Jacobs
13 Mrt Johan Nel
14 Mrt Monique Gebhardt
14 Mrt Brandon Poole
14 Mrt Louwdine Steenkamp
14 Mrt Jana Vorster
15 Mrt Nadia Herbst
15 Mrt Nico Marais
15 Mrt Hester Vermeulen
15 Mrt Rikus Walters
15 Mrt Nico Wiese

# KINDERS & JEUG

### KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.6)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag - Jesus in die tempel

### KRUISCONNECT (GR. 7-10)

KruisConnect gaan voort hierdie Sondag. Van na die diens tot 11:00.

### TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk vind weer Dinsdag 11 Maart in die kerk plaas om 19:00.

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE DEURKOLLEKTE: HUIS ANDREW MURRAY

Huis Andrew Murray, 'n program van BADISA Wes-Kaap, is 'n geregistreerde kinder- en jeugsorgsentrum (kinderhuis) wat residensiële sorg verskaf aan 155 kinders buite die kindergesinsomgewing in ooreenstemming met 'n residensiële sorgprogram wat geskik en ontwikkel is vir die kinders in die sentrum.

# KALENDERBORG MAART

FARMWISE Cape
QUALITY FRESHNESS

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annna-Marie le Roux| 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### TORINGKERK INLIGTING

Gebruik die QR kode hieronder om deel te raak van die Toringkerk Whatsapp gemeenskap en om die afkondigings op jou foon te kry.



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES,MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.